kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Skuilplek. Waar voel ons veilig?

Skriflesing: Psalm 91

"A man should hear a little music, read a little poetry, and see a fine picture every day of his life, in order that worldly cares may not obliterate the sense of the beautiful which God has implanted in the human soul."
— Johann Wolfgang von Goethe

Broodjies vir die pad

"If you follow the will of God, you know that in spite of all the terrible things that happen to you, you will never lose a final refuge. You know that the foundation of the world is love, so that even when no human being can or will help you, you may go on, trusting in the One that loves you."
— Pope Benedict XVI

"We need a home in the psychological sense as much as we need one in the physical: to compensate for a vulnerability. We need a refuge to shore up our states of mind, because so much of the world is opposed to our allegiances. We need our rooms to align us to desirable versions of ourselves and to keep alive the important, evanescent sides of us."
— Alain de Botton, The Architecture of Happiness

The Architecture of Happiness
by Alain de Botton

One of the great but often unmentioned causes of both happiness and misery is the quality of our environment: the kinds of walls, chairs, buildings and streets that surround us.

And yet a concern for architecture and design is too often described as frivolous, even self-indulgent. *The Architecture of Happiness* starts from the idea that where we are heavily influences who we can be, and it argues that it is architecture's task to stand as an eloquent reminder of our full potential.

Whereas many architects are wary of openly discussing the word beauty, this book has at its center the large and naÃ¯ve question: What is a beautiful building? It is a tour through the philosophy and psychology of architecture that aims to change the way we think about our homes, our streets and ourselves.

https://www.goodreads.com/book/show/23418.The_Architecture_of_Happiness

Alain de Botton

Alain de Botton was born in Zurich, Switzerland in 1969 and now lives in London. He is a writer of essayistic books that have been described as a 'philosophy of everyday life.' He's written on love, travel, architecture and literature. His books have been bestsellers in 30 countries.

Alain also started and helps to run a school in London called The School of Life, dedicated to a new vision of education. Alain's latest book, published in April 2016, is titled *The Course of Love*.

http://alaindebotton.com/cv/

Versie-smouse se bose teologie

Barend Vos

Ni hoofsn gkry wel vlr bae dki vi oom se blangstlng.

Ek moes twee keer op my selfoon se WhatsApp kyk, en toe 'n derde en 'n vierde keer – en uiteindelik hulp inroep.

"Hy sê dat hy nie tot hoofseun verkies is nie," word ek ingelig, "maar darem die leerlingraad gehaal het. En hy sê dankie dat jy belang stel."

Toe maak dit sin. Hierdie dae van prysuitdelings en gerugte van prysuit-delings is ook die seisoen waarin skool-leiers verkies word. My groepie kat-ki-sante wou opsluit by ons vorige byeen-koms daaroor praat, en ek het my ver-luister aan hul idees oor leierskap en die eise en verantwoordelikhede daarvan.

Maar iets in die onverwagse Whats-App bly pla my.

Hy sê: dankie vi oom se blangstlng. Waar het ek nou sodanig in sy skool se leierverkiesing belang gestel? Ons het nou die dag wel (vlugtig) oor leierskap gepraat, maar . . .

En toe tref dit my: Sy dankie-sê is 'n noodroep. Hy wil hê ek moet reageer, hy wil met my praat.

Hy wil by my kom hoor wat is dit dan met die Here.

Dit vind ek toe daardie einste agter-middag uit nadat ek hom eweneens per WhatsApp gelukgewens het met die verkiesing as leier, al is dit nou nie hoofleier nie. En bygevoeg het dat hy baie welkom is om 'n draai by die pas-torie te kom maak as hy wil.

Halftwee kom klop hy by my studeer-kamer. Die mooi seun, hoogs intelli-gent, begaaf op vele gebiede. Hy is dié leerling in sy skool, dit weet ek, wat deur onderwysers gevra word om met saalbyeenkomste voor almal uit die Bybel te lees en hardop te bid.

Maar hy is nie bloot 'n geleentheids-bidder nie.

"Ek het die afgelope tyd gebid soos nog nooit," bieg hy by my. Amper-fluisterend, sy oë groot en klam. "Ek wou regtig báie graag hoofseun wees."

En toe sê hy, pront: "God het my dan belowe dat Hy vir my voorspoed beplan, en nie teenspoed nie."

Hy kyk my in die oë: Ek moet verduidelik.

My hart sak nog dieper in my skoene. Om my verleentheid weg te steek, vat-vat ek na die Bybel op my lessenaar, blaai bewerig na Jeremia. Hoofstuk 29. Ek kry vers 11 en lees dit vir hom voor: "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n ver-wagting!"

Hy knik. Hy ken dit uit sy kop. Dis sý versie, die een oor sy toekoms in sy skool, sy verwagting om hoofseun te word. Dis die Here se voorspoedbelofte aan hom.

Ek weet sommer: Iewers het iemand dié sinnetjie uit Jeremia se brief aan die ballinge in Babel na hierdie seun toe gesmyt.

Iemand het in vermetele oormoed hierdie regop kind met die nuwe ont-nugtering in sy oë wysgemaak dat dié millennia oue belofte aan verstotenes in 'n vergete land 'n persoonlike toe-segging deur God aan hom is. Oor sy toekoms as matriekleerling in sy skool. Oor die voorspoed wat op hom wag omdat hy hoofseun gaan word.

Iemand het hierdie mooi seun, wat vanmiddag krom loop onder die on-menslike las van die goddelose voor-spoedteologie, se beeld van God na alle waarskynlikheid noodlottig geknou. Dalk vir altyd.

In my magtelose woede oor sulke onberekenbare, straks onherstelbare skade, wonder ek of versiesmouse ooit tot bekering kan kom.

Wat sal hulle laat hóór? Hul eie medisyne?

Dan dalk dié Dalene Matthee-versie uit Fiela se mond: "God vergewe ons baie, maar God vergewe ons nie die kwaad wat ons 'n kind aandoen nie."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/versie-smouse-se-bose-teologie-20181015

"Esteemed friend, citizen of Athens, the greatest city in the world, so outstanding in both intelligence and power, aren't you ashamed to care so much to make all the money you can, and to advance your reputation and prestige--while for truth and wisdom and the improvement of your soul you have no care or worry?"
— Socrates

Brood vir die pad

Om te beweeg van 'Waarom ék?' na 'Hier is ek!'

RRV

Volgens die Joodse verteltradisie het Rabbi Zus-ya van Hanipol by geleentheid opgemerk: "Wanneer ek sterf en na die hiernamaals gaan, gaan hulle nie vir my vra: 'Zusya, waarom was jy nie Moses nie?' Nee, hulle gaan vir my vra: 'Zusya, waarom was jy nie Zusya nie?'"

Rabbi Jonathan Sacks herroep hierdie verhaal wanneer hy in sy boek /To Heal a Fractured World /oor 'n etiek van verantwoordelikheid nadink.

Hy verwys ook na die verskynsel bekend as die Genovese-effek, genoem na aanleiding van mense se reaksie toe Kitty Genovese in 1964 in 'n woonbuurt in New York doodgesteek is.

Heelparty bure het haar krete gehoor, maar niemand het haar te hulp gesnel nie. Baie van die kommentaar ná die voorval het verwys na die apatie van stedelinge en die feit dat mense nie meer hul bure ken of vir hulle omgee nie.

'n Etiek van verantwoordelikheid – en die geloofslewe as sodanig – behels egter dat ons nie by "Waarom ék?" sal vashaak nie.

Twee sosiaal-wetenskaplikes het egter hierna 'n reeks noodgevalle in die openbaar gesimuleer (soos mense wat beroof word of inmekaarsak), met interessante resultate. In elkeen van die gevalle was 'n enkeling meer bereid om te help as mense wat in 'n groep die toneel aanskou het. Die gevolgtrekking hieruit is dat ons dikwels faal om ander te help of verantwoordelikheid te neem omdat ons dink ánder sal of behoort dit te doen.

Na aanleiding hiervan meen Sacks dat die dieper morele probleem in hierdie verband nie bloot met onverskilligheid te make het nie, maar met die vraag "Waarom ék?"

Dit val dan ook op hoe dikwels mense in die Bybel op 'n roepstem of opdrag met hierdie vraag reageer. Dink maar aan Moses se respons wanneer hy geroep word om die volk uit Egipte uit te lei: "Wie is ék dat ek dit by die farao sou waag?" (Eksodus 3:11).

Hierdie reaksie is al te menslik, en ook in ons dag en konteks, weet ons van die versoeking om ons eie verantwoordelikheid te ontken of na die adres van ander te verskuif.

'n Etiek van verantwoordelikheid – en die geloofslewe as sodanig – behels egter dat ons nie by "Waarom ék?" sal vashaak nie, maar sal kan hoor wanneer ons spesifiek en konkreet, hier en nou, by die naam aangespreek word. En om dan begenadig te wees om te kan antwoord: "Hier is ék!"

Of soos Jonathan Sacks dit stel: "When God calls, he does not do so by way of universal imperatives. Instead, he whispers our name – and the greatest reply is simply /hineni/: 'Here I am', ready to heed your call, to mend a fragment of your all-too-broken world."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/om-te-beweeg-van-waarom-ek-na-hier-is-ek-20181012

"...You see, my dear friend, I am made up of contradictions, and I have reached a very mature age without resting upon anything positive, without having calmed my restless spirit either by religion or philosophy. Undoubtedly I should have gone mad but for music. Music is indeed the most beautiful of all Heaven's gifts to humanity wandering in the darkness. Alone it calms, enlightens, and stills our souls. It is not the straw to which the drowning man clings; but a true friend, refuge, and comforter, for whose sake life is worth living"
— Peter Ilyich Tchaikovsky

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877